

Sing vooraf staande: Psalm 138:2 (p. 670)

- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:1 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

Gebed

Psalm 31:4 (p. 144)

- 4 Ek gee my gees oor in u hande, / my Redder, wat my trou / in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande / hul neerbuig voor die gode. / Ek steun op God in node.

Skriflesing: 1 Samuel 15

Teks: 1 Samuel 15:22

Het die Here behae in brandoffer en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. (1 Samuel 15:22 AFR53)

Pasop vir verwaandheid en ongehoorsaamheid. Dit is nie sulke onskuldige sondes soos wat ons dikwels maak of dit is nie. Ongehoorsaamheid en eiesinnigheid is afgodediens en verwerping van God self – geen wonder dat die Here sulke mense verwerp nie!

Kom ons kyk saam na die volgende sake wat voortvloei uit die gedeelte wat ons saam gelees het:

- 1. Waarom is die Here so kwaad vir Amalek?**
- 2. Was Saul dan regtig so sleg?**
- 3. Waak teen skynheiligheid!**

1. Waarom is die Here so kwaad vir Amalek?

Waarom is die Here so iesegrimmig op Amalek? Kom ons kyk waar kom die man vandaan.

- Hy kom uit 'n geslag wat buite die verbond van die Here beland het, want hy is 'n kleinseun van Esau. Die Amalekiete en die Edomiete is dus familie van mekaar! Later word die naam Amalekiete gebruik om al sy nasate mee aan te toon.
- Ons lees dat die Amalekiete die Israeliete in die woestyn aangeval het toe hulle van Egipte af op pad was na die beloofde land toe (Ex. 17:8-13; Deut. 25:17, 18.). As gevolg van hierdie aanval het die Here 'n ewige ban oor hulle uitgespreek en beveel dat die Israeliete die Amalekiete moet uitroei (Deut. 25:19; 1 Sam. 15:2, 3).

- By dié geleentheid het Aäron en Hur Moses se hande opgehou en Israel het die oorlog gewen. 'n Jaar later, na die verslag van die spioene, het die Israëliete Moses se opdrag geïgnoreer en probeer om Palestina uit die suide in te gaan, en toe het die Amalekiete hulle verslaan by Horma (Num. 14:43, 45).
- Gedurende die tyd van die rigters weet ons van twee keer wat die Amalekiete Israel aangeval het.
 - Die een keer was saam met Eglon, die koning van die Moabiete (Rigters 3:13).
 - Die tweede keer was saam met die Midianiete toe hulle die Israëliete se oeste en vee gestroop het. Gideon het hulle toe uitgedryf (Rigt. 6:3-5, 33; 7:12; 10:12).

Samuel het later jare aan Saul opdrag gegee om die Amalekiete te verstrooi. Saul het toe die hele volk uitgeroei met die banvloek, maar hy het twee verkeerde dinge gedoen:

- Saul het Agag se lewe gespaar, maar Samuel het hom doodgemaak. Om die waarheid te sê, hy het hom aan stukke gekap voor die volk.
- En dan het Saul ook van die bangoed uitgehou, naamlik van die vee. Daarvoor het die Here Saul se koningskap van hom af weggeneem.

Later, in die tyd van Ester, lees ons van 'n man wat die hele Joodse volk probeer uitroei het. Sy naam was Haman, en hy was 'n Agagiet – 'n nasaat van hierdie Agag wat deur Saul gespaar is (Ester 3:1).

Die punt waaroor dit gaan, is dat hierdie hele Amalekitiese volk die geaardheid gehad het van hulle voorvader Esau wat sy eersgeboorteseën verkoop het omdat hy honger was – *hulle het in hulle sinlike opwellinge voortgelewe en het vir lewe geen respek gehad nie.*

Daarom het die Here besluit dat daardie volk so ver in die sonde in ontaard en verval het dat Hy sy volk nie langer aan sulke mense wou blootstel nie.

2. Was Saul dan regtig so sleg?

As die Amalekiete sulke slegte mense was, was Saul dan so sleg omdat hy Agag gespaar het en van die banvloek uitgehou het dat die Here hom totaal daarvoor kon verwerp het? Die antwoord is: Ja!

- Hierdie dag was 'n dag wat met koue finaliteit openbaar het wat daar diep in Saul aangaan. Hy was 'n man wat net soos die Amalekiete sy eie lewensreëls geleef het, en vir die Here en sy gebod niks gevoel het nie.
- Hy het gedoen soos hy goedgevind het, en wat die Here hom beveel het, was iets waarvan hy net kennis geneem het.

Dit is waarom Samuel in vers 23 vir hom sê dat wederstrewigheid 'n sonde is – dit is omdat Saul wederstrewig was en sy eie gang gegaan het.

- Samuel gaan verder en hy sê vir Saul dat eiesinnigheid afgodery en beelddiens is.
- Saul het die woord van die Here verwerp! Hy het God dus reguit verstoot.

Al wat die Here toe gedoen het, was dat Hy van Saul gewyk het en sy vyand geword het – soos wat Saul van Hom afgewyk het en sy vyand geword het.

Saul demonstreer self baie duidelik waarom die Here die reg gehad het om sy vyand te word:

- Hy het alles wat hy in die oorlog gekry het wat veragtelik was, verbrand. Maar die beste goed het hy vir homself en sy manskappe gehou.
- Die Bybel sê dat hulle nie die beste van die buit met die banvloek *wou* tref nie.
- Hulle het dus geoordeel dat die Here die saak oordoen, en hulle het toe ingegryp en reggestel soos wat hulle eie opstandige oordeel hulle gelei het.

Kom ek stel vir u hierdie selfde saak meer in ons eie omstandighede. Hulle het gedink dat daar in sommige van die dinge waarin die Here net kwaad en verderf sien, tog ook goeie dinge is, en dat mens maar gerus 'n bietjie daarmee kan saamleef, en dit selfs gebruik ook.

Dit mag mens nie doen nie, want daar is een ding wat die Here nie verdra nie, en dit is dat iemand sy wil moet omkrap.

- Daarom waarsku die Bybel altyd deur dat dit lewensgevaarlik is om teen die Here ongehoorsaam te wees.
- Mense wat in ongehoorsaamheid volhard, word altyd deur die Here vernietig.

Gehoorsaamheid is natuurlik net moontlik wanneer die Heilige Gees in jou woon en jy jou deur Hom laat leer en lei. Dit word op sy beurt weer moontlik gemaak deur die genade wat die Here Jesus aan ons gee deur sy kruisdood en opstanding.

- Ons moet beseft dat Jesus Christus telkens tydens die Nagmaal aan ons bevestig dat Hy ons almal ken, en dat Hy van ons ook gehoorsaamheid verwag.
- Die Here het nie net vir Saul in die Ou Testament gesê dat hy gehoorsaam moet wees en ons in die Nuwe Testament maar net kan doen wat ons wil nie! Dink hier aan die apostel Paulus se woorde in Galasiërs 2:20:

... ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. (Galasiërs 2:20 AFR53)

Christus moet die middelpunt van ons lewe wees, en ons moet met groot nougesetheid luister na wat Hy ons leer en ook van ons vra deur die Heilige Gees.

U het in die gedeelte wat ons saam gelees het, twee voorbeelde opgemerk wat ons altyd voor oë moet hou. Die eerste een is die Amalekiete.

- Hulle is daar om vir ons te wys wat word van mense wat die pad heeltemal verloor en wat dan die vloek van die Here oor hulle kry. Hy roei hulle almal uit met hulle nasate en al, al duur dit eeue.
- Die tweede voorbeeld is die van 'n man wat veronderstel is om die Here te ken, en wat selfs oor die volk van die Here regeer. Maar hy is ongehoorsaam en eiesinnig en dan verwerp die Here hom.
 - Die Here sê dat sulke soort godsdiens afgodery en beelddiens is.
 - So sterk voel die Here daarvoor dat die Here sê dat Hy berou gehad het dat Hy Saul koning gemaak het oor sy volk (v. 35).

3. Waak teen skynheiligheid!

Toe Samuel by Saul kom, sê Saul ewe vrolik en opreg vir hom:

Mag u geseënd wees deur die HERE, ek het die woord van die HERE uitgevoer (!). (1 Samuel 15:13 AFR53)

In die tussentyd het die Here toe al klaar aan Samuel geopenbaar dat Saul nie sy woord uitgevoer het nie.

- Waarskynlik het Saul gedink dat Samuel tog nie sal weet wat presies gebeur het nie.
- Maar die Here het 'n manier om huigelary te ontmasker. Daarom sê Samuel dan ook dadelik dat hy dan 'n geblêr van kleinvee en 'n gebulk van beeste hoor. Waar kom dit vandaan?

Al sal mense nie jou skynheiligheid sien nie, die Here sien dit.

- Die Here gaan dit oopvlek die dag wanneer ons voor sy regterstoel staan.
- Ons kan op een van twee maniere daar beland: die een is as ons sterf, en die ander is as ons nog lewe wanneer Jesus Christus op die wolke verskyn.

Weereens leer ons Saul ken as 'n man wat eers sal lieg voordat hy bely.

- Hy volhard ook eers nog 'n ent in sy valsheid, want hy vertel vir Samuel dat die manskappe die kleinvee uitgesoek het.
- Daarmee probeer hy Samuel oortuig dat hy onder geweldige druk was, en toe maar toegegee het.
- Daar is ook nog hierdie stukkie versagting in dat Samuel moet weet dat net die bestes uitgehou is, want hulle wou dit gaan offer.
- Dan verrai Saul sy binnekant: Hulle wou nie vir die (hulle?) Here gaan offer nie, maar vir Samuel se God – ... *vir u God* ...

Uit die res van Saul se betoog word dit duidelik dat hy dink mens maar sonde kan doen en net daarna gou gaan offer, en dan is alles reg.

- Dit is waarom Samuel vir hom sê dat gehoorsaamheid beter is as slagoffers.
- Dit is omdat 'n ongehoorsame mens 'n mens is wat nie bekeer is nie. Dit is hoe Amalek was.

Daarom hoor Saul die onverbiddelikheid van die Here se kant af:

Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.
(1 Samuel 15:23b AFR53)

- Dit help nie jy noem die Naam van die Here maar jy ken nie die Here nie en jy lewe nie vir Hom nie.
- Die Here wou gehad het dat Saul opreg en gehoorsaam moet wees. Dit is waarom Hy hom self as koning. Maar Saul gaan sy eie pad en daarom word hy totaal deur die Here verwerp.

Ons ervaar in elke erediens dat Jesus ons weer van sy liefde verseker.

- Ons verlossing en ons kindskap aan die Here, en terselfdertyd ons ewige lewe in die hemel, word aan ons bevestig.
- Die Heilige Gees gee telkens die bevestiging dat die Here Jesus Christus ons volkome versoen het met God. Kom ons lewe dan in gehoorsaamheid, want anders gaan ons die pad van Saul loop.

Dit punt is net dat daar 'n tyd kom wanneer dit te laat is om berou te hê.

- Jy kan die Here tart totdat die Here se geduld met jou gedaan geraak het.
- Dit is wat met Saul gebeur het, want hy vra dat Samuel hom moet vergewe, en saam met hom moet teruggaan sodat hy die Here kan aanbid.

Maar dadelik is die valsheid ook weer daar:

Eer my tog voor die oudstes van my volk en voor Israel en kom saam met my terug. (1Samuel 15:30 AFR53).

Dit is toe al die tyd waaroor dit gaan!

- Saul wil nie aansien verloor voor die volk nie, en hy wil sy skuldbelydenis net gebruik om sy aansien by sy volk te behou.
- Saul probeer nog steeds om die Here te gebruik om hom wat Saul is te dien.
- Dit is nie vir die Here goed genoeg nie.

Judas het ook hierdie soort berou gehad.

- Dan is jy net spyt oor die gevolge wat jou sondes vir jouself het, en jy het nie berou oor wat jou sondes aan die eer van die Here gedoen het nie.
- Saul en Judas en die Amalekiete se boodskap is dat jy die dood gaan kry as betaling op jou sondes as jy daarin volhard.

Moenie ons eie denke en besluite 'n groter plek gee as wat die Here van ons vra nie, want dit sal veroorsaak dat die Here ons verwerp en uiteindelik in die hel werp. Die rede daarvoor is dat ongehoorsaamheid deur die Here self beskou word as volslae afgodsdien.

Nou is hierdie 'n gesprek met die Here self waarin Hy verseker dat ons skulde vergewe is. Ons ontvang die Here se genade maar ook sy eis tot verantwoordelikheid.

- Hy rig 'n appèl op ons om in volle gehoorsaamheid aan die Hom te lewe.
- Wat die Here vra, is dat ons almal in volle gehoorsaamheid sy Woord gehoorsaam.
- Wat die Here vra, is dat ons dankbaar moet wees dat Christus ons in 'n nuwe genadeverhouding tot Hom gestel het, en dat hierdie dankbaarheid in ons daaglikse lewe gestalte moet kry.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:14 (p. 579)

14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 20 April 2014 (aanddiens)